Bybel vir Kinders

bied aan

Jeremia, Man van Trane



Geskryf deur: Edward Hughes
Ge-illustreer: Jonathan Hay
Aangepas deur: Mary-Anne S.
Vertaal deur: Gert Badenhorst
Vervaardig deur: Bible for Children
www.M1914.org

BFC
PO Box 3
Winnipeg, MB R3C 2G1
Canada

©2013 Bible for Children, Inc.
Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Jeremia is in 'n godsdienstige huis in die koninkryk van Juda gebore. Sy pa, Gilkia, was 'n priester. Die gesin het in die dorpie Anatot gewoon, nie ver van Jerusalem af nie. Miskien het Jeremia se ouers gedink hy sou ook 'n priester word. Maar God het ander planne gehad.



In die tyd toe Jeremia gebore is, het God se volk nie volgens sy Woord gelewe nie. Omtrent almal, van die koning af tot by die heel eenvoudigste werker, het valse gode aanbid – selfs in God se heilige tempel!

Toe Jeremia 'n jongman was, het God met hom gepraat. "Ek het jou al van vóór jou geboorte af geken," het God vir Jeremia gesê, "en Ek het tóé al besluit dat jy namens My sal praat."

Dit lyk of God se roepstem Jeremia bang gemaak het. "Ag, Here my God," het hy uitgeroep, "ek kan nie goed praat nie, ek is nog te jonk." Hy was nié te jonk nie – hy was al twintig jaar oud. Maar Jeremia het nie gedink hy kan namens God praat teen al die boosheid oral rondom hom nie.



"Moenie bang wees nie," het God Jeremia gerusgestel. "Jy moet gaan na wie toe Ek jou ook al stuur. Alles wat Ek jou beveel om te sê, moet jy sê. Ek is by jou, en Ek sal jou red."
Toe het God iets baie besonders gedoen. Hy het Jeremia se mond aangeraak.

God het vir Jeremia krag en moed en wysheid gegee. Hy het toe met oortuiging gepraat en die mense daaraan herinner dat God hulle liefhet en hulle wil help. Maar niemand het na hom geluister nie, nie eers die koning nie.

Selfs die priesters het kwaad geword en gesê hy moet ophou praat oor God. Daar was ook valse profete wat gesê het Jeremia praat nie die waarheid nie.



Jeremia het die mense daaraan herinner dat meer as 'n honderd jaar tevore die noordelike koninkryk van Israel God verlaat het. Hulle vyande, die Assiriërs, het hulle oorwin en omtrent alle Israeliete na ver lande toe weggevat.



Nou het die
mense van Juda, die
suidelike koninkryk,
God óók verlaat.
Die vyandige leërs
was reeds in aantog!
Sou God toelaat
dat sy volk oorwin
word en ook in
ballingskap gaan?

Die mense het op hulle afgode staatgemaak. Kon afgode hulle red van hulle vyande? Nee! Net God kon hulle red. Die mense het só kwaad geword vir Jeremia, dat hulle beplan het om hom dood te maak. Maar God het sy dienaar beskerm.



En toe het God iets gesê
wat Jeremia moes geskok
het. God het gesê:
"Moenie vir hierdie volk
bid nie. Ek sal nie na
hulle luister wanneer
hulle na My roep
vir hulp nie."

Jeremia het die koning gewaarsku dat hy die oorlog teen Babilonië se leër sou verloor. Die koning het hom vererg en Jeremia in die tronk laat gooi. Maar selfs in die tronk het Jeremia aanhou preek en op God vertrou.

Nadat hy uit die tronk gekom het, het Jeremia weer vir die koning en die volk gepreek, nl dat hulle na God toe moes terugkeer en op Hom moes vertrou. Hierdie keer het die koning vir Jeremia in 'n diep, modderige put laat afsak.

Maar God was aan die werk in die koning se hart. Hy het Jeremia in die geheim gered en hom gevra wat God van hom as koning verwag. "God sê u moet in ballingskap gaan, dan sal u bly lewe," was die antwoord.



Die Babiloniese leër het Jerusalem en die hele Juda ingeneem. Hulle het die stadsmuur en al die geboue platgeslaan en alles verbrand. God het gesê sy volk sou vir sewentig jaar in ballingskap wees,

en dan sou Hy hulle terugbring na die beloofde land toe.

Jeremia, Man van Trane

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Jeremia

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

Die Einde

Dié Bybelstorie vertel ons van ons wonderlike God
wat ons gemaak het en wat wil hê dat ons Hom sal leer ken.

God weet ons doen baie verkeerde dinge, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood, maar God het ons só lief dat Hy sy Seun, Jesus, gestuur het om vir ons sondes aan die kruis te kom sterf. Jesus het opgestaan uit die dood en opgevaar hemel toe! Wanneer jy in Jesus glo en Hom vra om al jou sondes te vergewe, sal Hy dit doen! Hy sal saam met jou stap deur die lewe, en jy sal vir altyd saam met Hom lewe!

As jy glo dat dit die waarheid is, sê dan die volgende vir God: Liewe Jesus, ek glo dat U God is en vir al my sondes kom sterf het en nou vir altyd lewe. Kom stap asseblief saam met my deur my lewe. Vergewe asseblief al my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan hê en eendag vir altyd saam met U kan lewe. Help my om aan U gehoorsaam te wees en vir U te lewe, sodat ek u kind genoem kan word. Amen.

Lees die Bybel en praat elke dag met God! Johannes 3:16